**10** **DAE VAN GEBED**

# Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 9 — DIE MERK VAN DIE DIER EN GEBED

*"En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek. En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid. En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!"* – Openbaring 19:1-5

### 'n Ernstige Waarskuwing

Die derde en laaste van die drie engele se boodskappe is een van die ernstigste waarskuwings in die Bybel. Dit is een wat baie mense graag sal wil ignoreer, tog openbaar dit lewensveranderende geestelike waarhede wat spreek tot ons diepste behoeftes en wat ons nader trek aan Jesus. Die apostel Johannes skryf, "En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: 'As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.'" (Openbaring 14:9, 10)

Die eerste lewensveranderende beginsel omtrent hierdie waarskuwing is dat dit uit die hart van 'n liefdevolle God kom wat meer as enige iets anders ons wil red in Sy koninkryk. Dit is 'n goddelike waarskuwingsboodskap sodat God se mense nie onkant gevang sal word deur die verleidings wat gaan kom nie.

Tweedens het dit te doen met aanbidding. Die engel sê, "As iemand die dier aanbid." Dit is in direkte teenstelling met die eerste engel se boodskap in vers 7 om die Skepper te aanbid. Om die Skepper te aanbid lei tot getroue volgelinge van Christus wat reageer op Sy liefde, vertrou in Sy verlossende genade, gehoorsaam is aan Sy Woord, en Sy gebooie onderhou. Om die dier te aanbid lei tot mense wat self-gesentreerde lewens lei in onafhanklikheid van God, in ongehoorsaamheid aan Sy gebooie. Dit fokus op die self eerder as om op Jesus te fokus.

### Die Dier Binne Ons

Die boodskap van die derde engel praat van 'n tyd wat kom wanneer die kerk en staat sal verenig onder die gesag van die pous om die aanbidding op die eerste dag van die week te forseer of af te dwing. Die finale boodskap van die drie engele is 'n oproep tot ernstige, opregte gebed. Die antichris beginsel – van hoogmoed eerder as nederigheid, self verheffing eerder as selfopoffering tot voordeel van ander, en vertroue in menslike wysheid teenoor die goddelike inspirasie van die Skrif – is diep ingeburger in ons gevalle natuur. Wat is die oplossing vir die beginsels van die dier wat in ons gesetel is?  Daar is slegs een oplossing, en dit is Jesus –Sy genade, Sy krag, Sy liefde wat ons harte en lewens vul. Tensy ons oorgawe aan Hom sterker is as die aantrekkingskrag van die wêreld, sal ons vandag gedomineer word deur die beginsels van die dier en sal eendag die merk van die dier aanvaar. Die waarskuwing teen die merk van die dier in die derde engel se boodskap behoort ons op ons knieë te dwing in nederige oorgawe tot Christus, pleitend vir Sy Gees om ons deeglik te reinig van binne af en 'n wonderwerk van goddelike genade in ons harte te laat plaasvind. Dit behoort ons ook te lei tot gebed vir ons gesinne, families,en bure sodat hulle ook hulle harte sal oopmaak vir Christus se reddende laaste-dag boodskap. Hierdie boodskap behoort ons te motiveer om

uit te sien na die dag wanneer ons saam met Christus rondom Sy troon sal juig tot in ewigheid. (Openbaring 19:1-5).

## Gebedstyd (30-45 Minute)

### Bid God se Woord – Openbaring 14:9, 10

"En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.'"

### "As iemand die Dier en Sy Beeld Aanbid"

*God, U is 'n God wat opgee. 'n God wat begeer dat almal gered sal word en nie verlore sal gaan nie. So baie mense kyk na die valse godsdiens, die verdraaie filosofië, en die hedendaagse afgode as hulle bron van krag en om die gebrokenheid van hulle lewens te vul. Ons dank U dat U genoeg omgee om hulle te waarsku en dat ons 'n rol kan speel om hulle na Jesus te lei as die enigste Verlosser wat aanbiddingswaardig is.*

### "Die Grimmigheid van God"

*Vader, dit gee ons groot vertroosting dat U 'n heilige toorn het teenoor sonde, die kwade en boosheid. Baie dankie dat U begeer om sonde vir ewig te vernietig en om eendag perfekte liefde, vrede en harmonie in die heelal te herstel. Dankie dat U ons duidelik wys deur Jesus, dat U nie mense wil veroordeel nie, maar wil red. Dankie dat U vir elke mens 'n keuse en die geleentheid gegee het om verlossing in Jesus te kan kies. Red ons assblief en beskerm ons daarvan om die antichrisbeginsel van selfverheffing en hoogmoed te volg. In plaas daarvan lei ons om die Lam te volg waar Hy ookal gaan.*

### "En Voor die Lam"

*Jesus, dit gee ons groot vertroosting om te weet dat in die finale oordeel dit duidelik na vore sal kom dat U offer van genade en verlossing nie verwyder is van oordeel nie. Baie dankie dat, so moeilik as wat dit mag wees om die vernietiging van diegene wat kies om vas te hou aan die sonde, te aanskou, almal sal belei dat U regverdig en genadig is in al U onderhandelinge.*

### Nog Gebedsvoorstelle:

**Dank en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof God vir Sy goedheid.
**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal: All That Thrills My Soul (189);*

*Adventlofliedere:* Ek loof U Grote Mag, o God (67); Verheerlik die Heer (51); Aanbid die Here op Sy Troon (127); Kom, Stryders vir die Heer (369); O Broeder, wees Waaksaam (404); Ek Staan op die Jordaan se Wal

(419); Heil’ges Waak! (415)